Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ŉ Kandidaat mag slegs TWEE vrae uit twee verskillende afdelings beantwoord.

2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste TWEE antwoorde/response uit twee verskillende afdelings nagesien.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.

5. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

6. Indien die kandidaat woorde uit ŉ **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Indien die kandidaat **kru taal** gebruik, word die **kru woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kru woord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

12. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

13. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

14. By OF SOORTGELYK beteken dit ŉ sinoniem vir die antwoorde, nie ŉ nuwe gedagte/antwoord nie.

## AFDELING A: DIE ROMAN

***DIE KRUPPEL ENGEL*** **– Zenobia Kock**

### VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

1.1 1.1.1 Dit was toe Jakob se gesig verbrand het en sy heup seergekry het/ Jakob se ongeluk met die pap. (1)

1.1.2 Hy het baie meer inspuitings as Tina gekry.
Hulle moes elke dag na sy wond kyk.
(*Of soortgelyk*) (2)

1.2 Sy wou nog altyd ’n sussie gehad het. (1)

1.3 1.3.1 Tina het daardie dag geweier om die pot pap te roer.
Tina het nie dadelik reageer toe Jakob met sy gesig in die pap val nie.
Toe Tina wel help, het die pot op Jakob geval en sy heup beseer.
(*Of soortgelyk*) (3)

1.3.2 Ant Merlin moes nie die twee kinders alleen by ’n kokende pot pap op ’n stofie gelaat het nie. (1)

1.3.3 Jakob het selfmoord gepleeg (toe hy voor ’n aankomende trein op ’n treinspoor gaan sit het). (1)

1.4 Die spanningsknop op Tina se maag het verdwyn.
Sy het haar ma en pa se liefde herontdek.
Dit was vir haar weer lekker by die huis.
Sy het sommer met takies by die huis begin help.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

1.5 Dit verhoog die spanning. (1)

1.6 Jakob het haar aangesê om by haar pa, Stefaans, geld vir die dorpskool te gaan vra.
Hy het altyd gesê sy is mooi. (2)

1.7 1.7.1 Pa At (1)

1.7.2 Alkohol (1)

1.7.3 Afrikaans (1)

1.8 Die soeke na identiteit
Aanvaarding/geborgenheid
Verantwoordelikheid/ Aanspreeklikheid
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

1.9 1.9.1 Dit het hom gepla dat hy nie vir Tina as sy dogter aanvaar het nie. (1)

1.9.2 Dit dui op onsekerheid/ongemak by Tina. (1)

1.9.3 Hy het nou sy pligte as pa teenoor Tina nagekom. (1)

1.10 Ja, alkohol laat jou ten minste vir ’n kort tydjie van jou probleme vergeet.

**OF**

Nee, alkohol laat nie jou probleme verdwyn nie.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

1.11 Stefaans moes Tina verskeie kere ’n geleentheid huis toe gee. (1)

1.12 1.12.1 Dit is sy vaderlike pligte teenoor Tina. (1)

1.12.2 Stefaans het Tina se skoolgelde betaal.
Stefaans het Tina se losies betaal.
(*Of soortgelyk*) (2)

1.12.3 Hy het ingestem dat sy ’n blommemeisie by sy troue sou wees. (1)

1.12.4 Hy het hulle ook na die troue genooi. (1)

1.13 1.13.1 Die bedryfstaak van juffrou Dale. (1)

1.13.2 Juffrou Dale het die koshuiskombuis vir Tina gereël. (1)

1.14 Hy het haar winste verdubbel. (1)

1.15 1.15.1 C/Evaan

1.15.2 D/Loisie

1.15.3 A/Ant Merlin

1.15.4 B/Jakob (4)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DIE DRAMA

***DIE LAASTE KARRETJIEGRAF* – Riana Steyn en Athol Fugard**

### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | 2.1.1 | Pienkies | (1) |
| | 2.1.2 | Dit sê direk hoe hierdie karakter voel. | (1) |
| 2.2 | Groot-Karoo | | (1) |
| 2.3 | Hulle het geen vaste blyplek gehad nie/ en hul hele leeftyd op hul donkiekarretjies deurgebring,/ want hulle moes kort-kort rondgetrek.<br>**EN**<br>Al hulle besittings was op hierdie donkiekarretjies gelaai. | | (2) |
| 2.4 | nie chronologies nie | | (1) |
| 2.5 | 2.5.1 | Hulle het honger gely.<br>Hulle het nie genoeg beskutting teen die koue gehad nie.<br>Hulle het nie genoeg komberse/klere gehad nie.<br>Die kinders het gesnik weens die koue.<br>(*Enige DRIE of soortgelyk*) | (3) |
| | 2.5.2 | Ouma is dood weens die gebrek aan genoeg komberse/beskutting. | (1) |
| 2.6 | 2.6.1 | Ouma het haar min pensioengeld op hulle spandeer. | (1) |
| | 2.6.2 | Pienkies het die karretjie opgekap en as vuurmaakhout gebruik.<br>Pienkies het die pap dun gemaak.<br>Pienkies het die donkies vir ete voorberei.<br>(*Enige TWEE of soortgelyk*) | (2) |
| | 2.6.3 | Pienkies moes sy pligte doen tydens sy afwesigheid. | (1) |
| 2.7 | 2.7.1 | draad gespan | (1) |
| | 2.7.2 | geleerdheid | (1) |
| | 2.7.3 | hond | (1) |
| 2.8 | neweteks | | (1) |
| 2.9 | 2.9.1 | Koot het sy vrou, Flora, met die kierie doodgeslaan. | (1) |
| | 2.9.2 | Koot was dronk (en kon nie homself beheer nie). | (1) |
| | 2.9.3 | Die magistraat wou hom nie weer oorsien nie./<br>Hy het voorheen vir Katryn met die skêr gesteek. | (1) |

2.9.4 Toek-Toek het (pa nageaap en) sy hond met 'n klip ook doodgekap. (1)

2.9.5 Moenie drank misbruik nie.
Moenie vroue mishandel nie.
Kinders doen dieselfde as hul pa's (al is die pa's dronk).
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

2.10 Sarah was bang dat Koot dieselfde met Anna sou doen soos met sy eerste twee vroue. (1)

2.11 Moderne tegnologie was besig om hulle in te haal. (1)

2.12 2.12.1 Die Nuwe Suid-Afrika (1)

2.12.2 Apartheid (1)

2.13 Sy het vertroosting by Koot gesoek na die afsterwe van haar suster. (1)

2.14 Sy was as 'n student besig met MA-navorsing oor die karretjiemense. (1)

2.15 om in die moeilikheid te wees. (1)

2.16 2.16.1 B/Ouma

2.16.2 A/Sarah

2.16.3 E/Toek-Toek

2.16.4 D/Pienkies (4)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: KORTVERHALE

## KONTEKSTUELE VRAAG

## BEANTWOORD ALBEI KORTVERHALE

### VRAAG 3.1: GESONDHEID, SOUF! – Riana Scheepers

3.1 3.1.1 Lente (1)

3.1.2 Daar is baie besoekers./Die restaurant was vol.
Sekere kosse het opgeraak.
Die restaurant was tot laat besig.
(*Enige DRIE of soortgelyk*) (3)

3.1.3 Betjie moes 'n kind uit die visdam haal. (1)

3.1.4 " ... jy's die jongste ... " (1)

3.1.5 Ja, dit help met die respek teenoor die ouer werkers.

**OF**

Nee, dit kan beskou word as boeliery.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

3.1.6 (a) Sy het voorgestel dat die kelnerinne van Anna se tafeltjie ook moes gebruik maak. (1)

(b) Hulle was bang vir spoke (Anna). (1)

3.1.7 (a) Souf het gesorg dat alles in Anna se huis reg verloop. (1)

(b) Souf het Anna se spoke gebruik om die restaurant op te ruim. (1)

(c) Al die spoke was voorheen slawe wat op die plaas gewerk het. (1)

3.1.8 Souf gesels met 'n spook.
Spoke was die skottelgoed.
Spoke pak breekgoed weg.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

3.1.9 (a) visdam (1)

(b) gedrink (1)

(c) forel (1)

3.1.10 Anna is alreeds dood juis omdat haar gesondheid ingegee het. (1)
**[18]**

**EN**

**VRAAG 3.2: DIE KIND – Wilna van Heerden**

3.2.1 (a) Dit was **mooi weer** teenoor Pa se **omgekrapte bui**. (1)

(b) Hetta vat die kinders dam toe uit Pa se pad. (1)

(c) Pa het gevoel dat dominee met hulle gepraat het om een van hulle kinders weg te gee. (1)

(d) Ja, ’n mens gee nie jou kind weg nie.

**OF**

Nee, as ’n christen moet ’n mens aan God gehoorsaam wees. (1)

3.2.2 Sy wou nie hê die kinders moes Ma hoor huil nie. (1)

3.2.3 Hulle het op ’n Sondag dam toe gegaan.
Hulle het hulle vingers by die etenstafel afgelek.
Hulle het hulle pampoen onder die skorsiedoppe weggesteek.
Hulle het toffies voor ete geëet.
Hulle het krakerige vetstukkies gekry.
Hulle het in die middel van die skoolweek laat geslaap.
(*Enige DRIE of soortgelyk*) (3)

3.2.4 Ja, dit handhaaf dissipline by kinders.
OF
Nee, dit beperk die vrymoedigheid van kinders om hulself uit te druk.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

3.2.5 Dis toe God in ’n droom aan Ma gesê het dat sy gesond sou word indien sy die kind aan die sendelingpaartjie gee. (1)

3.2.6 Sy wou seker maak dat sy nie die kind gaan wees wat weggegee moes word nie. (1)

3.2.7 Haar ma het haarself regop gehou en was sterk, maar sag. (1)

3.2.8 Mevrou Renkowitz het geen dankbaarheid getoon nie. (1)

3.2.9 (a) E/Die dominee (1)

(b) B/Hetta (1)

(c) A/Norman (1)

(d) C/Hennie (1)
**[17]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## KONTEKSTUELE VRAAG

### VRAAG 4.1: "DIE TARENTAAL" – Totius

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | 4.1.1 | Die skreeugeluid van 'n kruiwa/kruiwawiel. | (1) |
| | 4.1.2 | Hy het nog nie/soek nog 'n maat vir die aand. | (1) |
| | 4.1.3 | Hy gaan die aand alleen moes deurbring.<br>Hy mag alleen sterf. | (2) |
| | 4.1.4 | (a) "skeemring" | (1) |
| | | (b) Dit beklemtoon die desperaatheid van die tarentaal om 'n maat te kry. | (1) |
| | 4.1.5 | Hy hoop hulle sal saam slaap, waak en droom.<br>Hy hoop hy sal nie alleen sterf nie.<br>(*Enige EEN of soortgelyk*) | (1) |
| | 4.1.6 | Hulle gaan nie 'n rustige nag hê nie.<br>Die dood/gevaar is nie ver nie.<br>Dit gee ritme aan die gedig.<br>Dit beklemtoon die dreigende gevaar.<br>(*Enige TWEE of soortgelyk*) | (2) |
| | 4.1.7 | Hy kon vroeër na 'n maat gesoek het. | (1) |
| | 4.1.8 | Sy maat word doodgeskiet. | (1) |
| | 4.1.9 | Hy bring die aand tog op die ou end alleen deur, want sy maat word toe nog dieselfde aand doodgeskiet. | (1) |
| | 4.1.10 | Die hartseer wat ervaar word wanneer 'n lewensmaat weggeneem word. | (1) |
| | 4.1.11 | "knal" | (1) |
| | 4.1.12 | (a) assonansie | (1) |
| | | (b) bedoel het om | (1) |
| | | (c) bang was | (1)<br>**[17]** |

**EN**

**VRAAG 4.2: "HERE BE DRAGONS" – Izak de Vries**

4.2 4.2.1 "oogwink"/ "draf ek in 'n oogwink kaf" (1)

4.2.2 (a) Hy wil onafhanklik wees. (1)

(b) Hier begin hy twyfel en vra sy pa om beskikbaar te wees wanneer hy hom nodig het. (1)

4.2.3 (a) "maar" (1)

(b) Sy pa moet hom aanhou liefhê. (1)

4.2.4 Dagga is vrylik beskikbaar.
Onderwysers doen ook onwettige dinge.
(*Aanhalings uit gedig ook aanvaarbaar*) (2)

4.2.5 foute te maak (1)

4.2.6 "virus"
"Trojaanse perd"
"komperkraak"
"wurm"
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

4.2.7 Alleenplasing.
Herhaling.
Dit bevat die kerngedagte van die gedig.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

4.2.8 Ouers weet nie wanneer en hoeveel vryheid hulle hul kinders moet toelaat nie. (1)

4.2.9 Sy pa moet luister wanneer hy in die moeilikheid is/hom nodig het. (1)

4.2.10 Hy wil weet of sy pa gaan weier om na hom te luister/help. (1)

4.2.11 (a) A/Selfvertroue (1)

(b) B/Frustrasie (1)

(c) E/Vrees (1)

(d) C/Liefde (1)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL 70**

Kopiereg voorbehou